# FOSATU WORKER NEWS

NOVEMBER 1979

Printed and Published by:
Federation of South African Trade Unions
125 Gale Street, DURBAN.

SPESIALE UITGAWE


# FOSATU STEL VOORWAARDES VIR REGISTRASIE

FOSATU het besluit dat dit die nuwe wet sterk en direk sal toets. Ons staan by sekere beginsels waarvoor werkers geveg het. Om te toets of hierdie nuwe wet hierdie beginsels aanvaar of verwerp sal ons strewe na:

1. REGISTRASIE VIR VAKBONDE WAT GEEN RASSE ONDERSKEID MAAK IN LIDMAATSKAP EN UITVOERENDE KOMITEES NIE.
2. REGISTRASIE WAT FINALE REGISTRASIE IS SOOS TOEGESTAAN AAN DIE HUIDIGE GEREGISTREERDE VAKBONDE. ONS SAL WEIER OM VOORLOPIGE REGISTRASIE TE AANVAAR.
3. REGISTRASIE VIR ONS BESTAANDE WYD GEBASEERDE INDUSTRIELE VAKBONDE EN NIE VIR KLEINER VERDEELDE VAKBONDE NIE.

Ons staan by die reg van werkers om, ongeag ras of geloof, by di vakbond van hulle keuse aan te sluit. Ons is teen inmenging en beheer van die vakbonde deur die regering.

Daarom kan ons nie registrasie aanvaar as die wet aangehou gebruik word om werkers te verdeel en om hulle organisasies te beheer nie.

Deur aansoeke in te dien wat voorwaardes vir registrasie neerlê wat baseer is op ons sterk oortuiginge, het ons 'n duidelik standpunt ingeneem. Nou is dit die taak van die WERKGEWERS om te besluit of hulle sal onderhandel met veelrassige vakbonde, en of hulle sal aanhou om agter rassisme en apartheid te skuil. Ons wil ook werkgewers vra of hulle gelukkig sou wees as hulle Registrateur in hulle maatskappye kon inmeng sonder om enige redes te verskaf.

MINISTER VAN ARBEID om aan almal te wys of hierdie nuwe wet gebruik gaan word om werkers te verdeel en beheer, en of dit 'n werklike voorwaartse stap is in die stryd om vryheid van assosiasie en teen rassisme.

WERKERS om te wys dat hulle sal aanhou om te veg vir hulle regte en nie verwar sal word deur die "parallel" vakbonde wat nou, met die help van werkgewers en die regering, die moed gevind he om Swart werkers te organiseer.

EENHEID IS MAG

## VAKBONDE STAAN SAAM

Die FOSATU Sentrale Komitee het in September besluit om 'n gesamentlike standpunt van vakbonde oor die nuwe wetgewing te bewerkstellig. By 'n vergadering op die 3de November in Johannesburg het 14 FOSATU vakbonde met die African Food and Canning Workers Union, die Food and Canning Workers Union en die Western Province General Workers Union ontmoet. Ongelukking het lede van die Consultative Council of Black Trade Unions nie die byeenkoms bygewoon nie.

Die vakbonde by hierdie belangrike byeenkoms het almal saamgestem dat ons nie die voorbeeld van die meerderheid van geregistreerde vakbonde behoort te volg en sodoende ons beginsels prys te gee nie. Hulle het saamgestem dat ons nie registrasie kon aanvaar wat nie op die basis van die voorwaardes was wat in die gesamentlike persverklaring uitgereik was. FOSATU vakbonde sal hierdie beginsels toets wanneer hulle aansoeke indien wat daarop baseer is.

# werkers pasop

Na lange jare van stryd het daar 'n verandering in die wetgewing gekom. Ons weet dat hierdie verandering nog nie genoeg is nie, maar vir hulle wat nie geveg het nie lyk dit goed genoeg en hulle is besig om te jaag om Swart werkers te organiseer. Kan hierdie vakbonde werkers help en sterk word? Werkers vra julleself die volgende vrae oor hierdie vakbonde:

WAAR WAS HULLE GEDURENDE AL DIE JARE WAT ONS GEVEG HET TEEN WERKGEWERS EN DIE REGERING?

HOEKOM WAS HULLE SO BANG VIR DE MINISTER VAN ARBEID DAT HULLE SWART VAKBONDE UIT VAKSA (TUCSA) FORSEER HET?

HOEKOM HET HULLE NIE ONS VAKBONDE GEHELP TOE ONS BEGIN HET NIE?

HOEKOM WAS HULLE STIL TOE ONS BEAMPTES INGEPERK WAS?

WAT SE SOORT VAKBOND HET DIE HULP EN ONDERSTEUNING VAN WERKGEWERS NODIG OM WERKERS TE ORGANISEER?

WIE HET HIERDIE VAKBONDE BEGIN - WAS DIT WERKERS OF WAS DIT DIE BEAMPTES VAN GEREGISTREERDE VAKBONDE EN DIE WERKGEWERS?

Werkers moenie verwar word nie. Hierdie vakbonde kan nie hierdie vrae antwoord nie, hulle is opportuniste wat nooit in staat sal wees om te veg teen die werkgewers wat hulle help om te bestaan nie.

## FOSATU SENTRALE KOMITEE VERKLARING.

Om enige misverstand uit die weg te ruim, word die volledige verklaring wat deur die FOSATU Sentrale Komitee op 3 November 1979 uitgereik was, op die agterblad weergegee.

# FOSATU SENTRALE KOMITEE VERKLARING OOR DIE GEWYSIGDE NYWERHEIDSVER- SOENING WET.

WAARVOOR HET ONS GEVEG?

Daar bestaan geen twyfel dat dit die jare van stryd van werkers en hulle verteenwoordigende organisasies is wat aanlyding gegee het tot veranderinge in die wetgewing. Die aanvaarbaarheid van hierdie veranderinge hang egter af van waarvoor die werkers veg.

Ons stryd was oor die reg tot vryheid van assosiasie soos in die internasionale aanvaarde I.L.O. Charters uitgelê en om 'n effektiewe en kragtige arbeidsbeweging op te bou. Ons strewe was nie om slegs registrasie op sig self te kry nie.

Ons het geveg om die rasse verdeling in die arbeidsbeweging wat die wet afdwing te elimineer. Hierdie verdeling het die beweging swakker en grotendeels oneffektief gemaak.

Ons het geveg om staatsinmenging in arbeidsverhoudinge tot 'n minimum te beperk. Die magte van die staat en sy beamptes moet minimaal wees, duidelik in die wet neergelê word, bevraagteken kan word, en 'n gewaarborgde reg tot appel deur betrokke partye na 'n onafhanklike regstelsel verseker.

Ons het geveg vir die fundamentele beginsel van werkersbeheer oor hulle eie onafhanklike vakbonde deur vrye verkiesings in hulle fabrieke.

Ons het geveg om breedvoerige industriële vakbonde op 'n nasionale grondslag te stig en sodoende die fragmenteerde ambags-vakbonde, wat die verswakte registreerde vakbondbeweging kenmerk, te vermy.

HET ONS DIE STRYD GEWEN?

Beide die gewysigde wetgewing en die beginsellose optrede van die meerderheid van die geregistreerde vakbonde moet ons dwing om NEE hierop te entwoord.

DIE WETGEWING:

1. Behou rasse beperkinge op lidmaatskap en rasse gesegregreerde uitvoerende komitees in die geval van gemengde vakbonde.
2. Behou beperkinge oor die reg tot lidmaatskap van geregistreerde vakbonde.
3. Stel voor nuwe aspekte van Ministeriële diskressie en magte van vrystelling.
4. Stel voor nuwe aspekte van diskressie aan die Registrateur in die vorm van voorlopige registrasie waar hy ook nie redes hoef te gee vir sy optrede nie.
5. Stel voor 'n Nasionale Mannekragkommissie met wye magte van ondersoek en aanbeveling maar geen wettige vasgestelde riglyne oor die prosedure van ondersoek nie.
6. Stel voor 'n Industriële-hof wat beoordeel oor geskille van reg en van belang en wat ook sy eie gedragsreëls sal neerlê. Die Industriële hof kan nie die onafhanklike regters en normale howe vervang nie.

DIE OPTREDE VAN DIE MEERDERHEID VAN GEREGISTREEDE VAKBONDE.

Die Beginsels wat hierbo omskryf word was voor geveg met moed en met groot koste aan die arbeidsbeweging dwarsdeur die wêreld.

Dit is betreurenswaardig dat hier in Suid-Afrika die leierskap van die oorgrote meerderheid van die geregistreerde vakbonde beweging nie in staat blyk te wees om beginselvas te wees nie. Die meerderheid van hierdie leierskap het aangetoon dat hulle optrede deur gerieflikheid beheer word.

Ongelukkig sou dit in die algemeen voorkom dat slegs daardie vakbonde wat 'n misleidende rassistiese standpunt huldig bereid was om hulle beginsels te verdedig.

Vanaf die besluit oor die wysiging van die Nywerheidsversoeningwet in 1956 het die geregistreerde vakbond beweging, met 'n paar heroïese uitsonderings, baie min gedoen om Swart werkers te organiseer. Inteendeel, hulle het Swart vakbonde uit hulle geledere weggedryf na Ministeriële dreigemente, en in die 1970's oor die algemeen 'n vyandige houding ingeneem teenoor die onafhanklike ongeregistreerde vakbonde.

Nou val hierdie geregistreerde vakbonde oor mekaar om nuwe vakbonde vir Swart werkers te stig sonder 'n enkele kritiese woord oor die aansienlike tekortkominge wat nog in die wetgewing oorbly. Boonop ontvang hierdie vakbonde ondersteuning van werkgewers in 'n goed beplande offensief teen die bestaande onafhanklike ongeregistreerde vakbonde.

Nou sal hierdie geregistreerde vakbonde oormekaar om nuwe vakbonde vir Swart werkers te stig sonder 'n enkele kritiese woord oor die aansienlike tekortkomige wat nog in die wetgewing oorbly. Boonop ontrang hierdie vakbonde ondersteuring van werkgewers in 'n goed beplande offensief teen die bestaande onafhanklike ongeregistreerde vakbonde.

Ons hou nie alle lede van hierdie vakbonde of alle geregistreerde vakbonde aanspreeklik vir hierdie optrede nie. Ons het vertroue dat daar mense bestaan wat nog met integriteit en in die beste belang van die werkers sal optree. Ons wanhoop egter dat meeste van hulle leiers ooit enige beginselvaste optrede kan neem.

BEHOORT ONS TE REGISTREER?

In oorweging van ons gesamentlike optrede in die huidige situasie word ons baie sterk beïnvloed deur die beginsellose optrede van die meerderheid van die bestaande geregistreerde vakbonde en die ondersteuning wat hulle ontvang van werkgewers en potensiëel ook van die Staat.

Ons glo dat ons die beste belange van alle werkers sou opoffer as ons afstand sou doen van ons huidige rol as 'n verteenwoordigende stem van integriteit en toelaat dat die stemme van gerieflikheid oorheers.

Dit sou egter doelloos wees om registrasie te soek om sodoende ons posisie te behou, maar daardeur die beginsels hierbo uitgelê, prys te gee.

Ons besluit daarom dat:

1. 'n FOSATU werksgroep opgestel sal word om die optrede van ons vakbonde te koördineer op die volgende basis:
   a. Dit is van die opperste belang dat veel-rassige vakbonde geregistreer sal word sonder enige rasse verdelings.
   b. Ons sal alleenlik finale registrasie aanvaar en wil dit hê soos in die huidige Wet neergelê.
   c. Al registreer ons, is dit ons wens dat bestaande ongeregistreerde vakbonde erkenning kan kry.
   d. Registrasie sal vir wyd gebaseerde industriële vakbonde wees.
2. Geregistreerd of ongeregistreerd, ons sal strewe om alle onnodige beperkinge en staatsinmenging in vakbonde te elimineer.

**Collection Number: AG3307**

**Collection Name: FOSATU WORKER NEWS, 1979-1985**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand**
*Location:* **Johannesburg**
**©2015**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of a collection held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.